



Die Boodskapper

Facebook: Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpieerneef.co.za



Ken jy iemand wat nie 'n Bybel het nie?

Kom haal 'n gratis Bybel (in verskeie Afrika-tale beskikbaar) uit ons Bybelboks in die Kerk se voorportaal, en maak 'n verskil in iemand se lewe!

Bybelboks- Maak 'n verskil!

Pierneef- Groen

Dankie vir almal wat ietsie geskenk het en kom help plant het! Gaan kyk gerus hoe lyk die tuin nou en pluk vir jou spinasieblare vir middagete!



Ons **Verjaardag-gemeenteboekie** sal elektronies beskikbaar wees. Indien jy graag 'n harde kopie wil hê (R50) bestel gerus een by Steve (072 137 4407). Indien jy reeds bestel het, kan jy dit optel en etaal by die kerkkantoor.

LEES HIER!

Ons is van 21 September op Vlak 1 van die inperking. Dit beteken dat ons meer mense kan akkomodeer in die eredienste op Sondag (en ook ander dienste). Ons mag 50% van ons spasie in die kerk gebruik, dit beteken dat ons 110 mense per diens mag wees, terwyl ons steeds 'n veilige afstand van mekaar is.

Dus: **NOU IS DIE TYD OM WEER KERK TOE TE KOM!** Ons sien uit om julle weer hier te hê! Dit gaan steeds nodig wees om die nodige regulasies te handhaaf (veilige afstand, maskers en temperatuur). Omdat daar meer as genoeg plek is in die kerk vir ons gemeentelede, sal julle name net by die deur afgemerk word met jul temperatuur. Dus hoef jul nie vir Sondagdienste meer voor die tyd te bespreek nie!

11 Oktober

9:00: Erediens

Prediker: Ds Toon vd Merwe

9:00: Kinderkerk (Tema: Josef word 'n slaaf en lê drome uit)

10:00 Kategese en Belydenisklas skop af

(Tema: Wat maak ons tydens hierdie vreemde tye?)

Die week se kalender

14 Okt (9:30): Bybelstudie

(18:30): Bybelskool

15 Okt (18:30): Kleingroep

Dorkas se Kombuis

Elke bydra, skenking, boodskap en gebed maak 'n enorme verskil in die lewens van die gesinne in ons gemeenskap. Indien jy wil bydrae, kontak gerus vir Marlie Janeke (082 331 0591).

Indien jy graag 'n donasie wil maak, hier is die bankbesonderhede:

Bank: Capitec, Takkode: 470010, Rekeningno.: 1651207613, Naam: M Janeke

Gebedsbediening

KOM ONS BID VIR:

- **Dra** ons gemeente se finansies aan die Here in hierdie tyd op.
- **Bid asb vir Elmarie de la Rey en haar gesin met die afsterwe van Prof Piet.**
- **Bid asb vir Lindie wat behandel word vir bloedklonte. Sy is steeds in die hospitaal.**
- **Bid vir die implimentering van metodes wat ontwikkel moes word vir die "nuwe normaal" in ons samelewing.**
- **Bid** dat die massamoord op ongebore baba's, deur abortie gestaak sal word.
- **Bid** dat gemeentes mekaar sal aanmoedig met 'n sendingvisie & begeerte om betrokke te raak
- **Ons bid** dat daar vir diegene wat onder hierdie moeilike ekonomiese tyd hul werk verloor het weer werkseleenthede sal kry
- **Bid** dat slagoffers van geweld beskerming sal ontvang en dat hierdie ewel vernietig sal word.

Indien jy 'n behoefte het aan voorbidding stuur asb jou gebedsverzoek aan ds Grobler (076 841 1568).



Die week se kospakkies

Verjaardae die week:

10/11	Me	Mari-Louise	De Kock	082-578 0413
10/11	Mej	Janine	Prinsloo	082-410 0544
10/11	Mnr	Willie	Snyman	084-805 8427
10/11	Mnr	Matthew	White	
10/12	Mev	Isolde	Nel	012-331 5463
10/12	Me	Minnie	Stander	083-302 8483
10/13	Me	Martie	Du Plessis	083-793 0112
10/13	Mnr	Marius	Liebenberg	
10/14	Me	Monica	Bezuidenhout	082-569 7399
10/14	Me	Emma	Meintjies	012-333 9337
10/15	Me	Nadia	De Villiers	072-010 9341
10/16	Mev	Charisa	Weideman	079-136 8220
10/17	Mnr	Jean-Pierre	Du Toit	082-625 7662
10/17	Me	Anne-Marie	Mouton	084-715 0682
10/17	Mnr	Nicolaas	Roets	

Ds Paullet Grobler verlof:

11 Oktober

Kontak gerus die kerkkantoor indien daar 'n noodgeval is in hierdie tyd

Gaan "like" ons Facebookblad!

"Pierneef Gemeente"



Ons hou "Jumble sale" (26-28 Nov) en Veiling (28 Nov)!

Alle skenkings is welkom! Skenk gerus enige van die volgende items wanneer jy weer huis regpak: Klere, skoene, kombuisware, elektroniese toestelle, boeke, en somer enige iets interessant wat net staan en stof opgaar! Items kan gedurende kantooreure by die kerk afgelaai word. Skenkings van groter/duurder items is ook welkom vir die veiling. Kontak gerus vir Calla (082 455 2976) in hierdie verband.

Gebed: Nasies:

Eritrea: 89 Christene wat tronkstraf uitgedien het vir hul geloof, is op borg vrygelaat. Baie van hulle is vir op tot 16 jaar sonder 'n verhoor in ondergrondse selle of in skeepshouers aangehou. Honderde is steeds in die tronk. Daar word gehoop op verdere vrylatings. Prys God vir die wat alreeds vrygelaat is. Bid vir die senior kerkleiers, wat almal steeds in die tronk is. Bid vir hul vrylating. Sommiges sal na hul familie terugkeer, terwyl ander nêrens het om heen te gaan nie. Baie sal gerading nodig hê om van hierdie trauma te herstel. www.tr.im/wb40

Hemelvaart

Ons vier jaarliks Jesus se Hemelvaart, waar ons bely dat Jesus liggaamlik die wêreld verlaat het om 'n nuwe ewige woning vir ons by die Vader voor te berei. Hiermee sê ons ook dat Jesus vir altyd koning is, en vier ons ook veral sy wederkoms, waarby Hy ons en die hele skepping nuut gaan maak. Tog glo ons dat Jesus ons nie verlaat het nie, maar dat Hy alomteenwoordig is deur sy Gees. By Hemelvaart vier ons dus nie dat Jesus ons verlaat het nie, maar dat Hy, hier en nou, ewig en oral by ons is.

Luister: Handeling 9-11

JESUS SE HEMELVAART

Dink:

- Probeer in die dissipels se skoene in te klim. Nadat Jesus so baie dinge gedoen het, insluitend om uit die dood uit op te staan, hoe dink julle het hulle gevoel toe Jesus blyk of Hy hulle verlaat?
- Waarom het die dissipels in die lug bly gekyk?
- Waar is Jesus nou?
- Wat is die taak van al Jesus se dissipels as ons bely dat Hy hier en nou by ons is?

Doen:

- Gaan ry of stap 'n ent op 'n oop pad, terwyl jy nadink oor die gedagte "heaven is not a destination, but a journey".
- Lees Jesus se woorde aan die dissipels voor sy dood, opstanding en hemelvaart in Johannes 16 en 17 en onderstreep al die beloftes.

Bid:

- Gesels met Jesus met die wete dat Hy hier is. Vertel vir Hom hoe dit met jou gaan soos vir 'n vriend. Vra Hom wat sy wil vir jou is.

Tiener fokus:

- Vra vir 'n paar lukrake mense waar en wat hulle dink die hemel is. Vra daarna waar hulle dink Jesus is. Is die algemene oortuiging dat die hemel 'n "stad in die wolke is"? Glo die meeste dat Jesus "ver daar bo" is, of "hier by ons" is?

Familie fokus:

- Eet saam, maar hou 'n sitplek oop wat figuurlik Jesus s'n is. Vra vir mekaar hoe ons anders kan optree omdat Jesus tussen ons is, en hoe die wêreld anders kan lyk as ons as Jesus se dissipels leef met Hom in ons daaglikse lewens.

Advertensies

Vir plasing van advertensies kontak asb vir Steve (072-137 4407 of 012-333 4273 of kantoor@ngkpieerneef.co.za).

Kostes vir advertensies is R10.00 per plasing.

2 Gesinne het hulp nodig agv die grendeltyd. Indien u met enige vd volgende kan help kontak asb vir Rhona (082-497 3050):

- Yskas, mikrogolf, ¾ bed en tv.



353, 30th Avenue c/o Piemeef St
Villiera, Pretoria 0186

René de Waal +27 83 324 4375
Reception +27 83 291 0020

Agapanthus Guest House
"Since 2009"

agapanthusbnb@gmail.com
www.agapanthusguesthouse.co.za

*Agapanthus Guest House:
Oop vir noodsaaklike dienste!*

Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpieerneef.co.za). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,200.00 per dag.

Neem asb Kennis:

Weens sekere regulasies en die onsekerheid van wanneer ons weer in groter groepe mag saam kuier, word:

- Die Gemeentekamp van September tentatief geskuif na 'n latere datum. Die datum sal gekommunikeer word.
- Die Feestelikhede (saamkuiergeleenthede) van die Gemeente verjaardagweek word geskuif na Maart 2021 (saam met die Basaar). LW. Die spesiale eredienste en koek & tee van die Gemeente verjaardagweek gaan steeds voort.
- Die Gholfdag (6 Nov) gaan nie op 'n formele basis voort as fondsinsameling soos die vorige jare nie, die wat graag die dag saam met ons wil geniet, is welkom om 'n 4-bal in te skryf. Daar sal 'n Gholfdag (soos ons dit ken) vir fondsinsameling vroeg in 2021 gereël word. Verdere besonderhede sal nader aan die tyd deurgegee word!



Dankoffers in Afsondering

Weens die Covid-regulasies kan baie van ons groot fondsinsamelings waarop ons steun nie hierdie jaar voortgaan nie. Baie dankie aan almal wat steeds getrou dankoffers en 10des in die kerk se rekening inbetaal, dit help die gemeente om sy dienswerk voort te sit. Alhoewel die uitgawes van die kerk in hierdie tyd dieselfde bly, verloor die kerk ook heelwat inkomste i.t.v. saalhuur, dankoffers, ens. Dus wil ons die aanmoedig wat wel kan, om asb steeds in hierdie moeilike tyd normale betalings te maak, dit kan per eft of koevert by die kerk gedoen word. Baie dankie ook vir die voortgaande vrygewige donasies wat aan Dorkas se kombuis gemaak word, dit maak 'n geweldige verskil in die lewens van baie gesinne!

Bankbesonderhede: NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845